

Pretoria- .....

**Skriflesing:** Mattheus 16:13-20

Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 2 paragraaf 9**

**Sing- Ps. 33:6; Ps. 77:1,7; Sb 33:1,3**

Wat staan vir ons in Mattheus 16 voorop, broeder en suster?! Dit is die Here Jesus Self wat hier praat. Petrus het tot die belydenis gekom dat Jesus die Christus, *die Seun van die lewende God is*. Dan sê die Here Jesus: *Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie* Hoekom kan die hel met al sy verskriklike kragte die Kerk nie oorweldig nie? Hoekom kan die duiwel op geen enkele oomblik van die geskiedenis die ware Kerk tot niet maak nie?

Omdat Jesus Christus self die poorte van die hel, van die doderyk, ingegaan het. Omdat Hy tot in die hel gely het, Hom deur die helse kragte laat folter het en nogtans in volkome liefde en vertroue op Sy Vader staande gebly het. Jesus Self het dit verdien dat die Kerk altyd daar sal wees. Hy het die kragte van die hel sy angel ontnem. Verseker sal daar tye wees dat ons - volgens wat ons as mense sien - begin dink dat die Kerk nie kan bly staan nie. Dit kan inderdaad soms lyk asof die wêreld die Kerk oorwin. Mense dink vandag ook so. Daar is nie meer 'n toekoms vir die Kerk nie... mag u tog nie in hierdie koor saamsing nie, laat ons by ons belydenis kom-

\*\*\*

Ons het dit vanoggend ook weer bely broeder en suster- *Ek glo aan 'n heilige algemene Christelike Kerk...* Hierdie Kerk waaraan ons glo, is nie maar mense wat dit tot stand gebring het nie. Dit is nie die mens se vermoë tot goeie organisasie wat die Kerk van Christus moontlik maak nie. Wie glo aan die Kerk van Christus, dat daar 'n Kerk van Christus is, so 'n geloof het in die Dordtse Leerreëls vaste bene om op te staan. Die eerste lê in die woordjie 'N – Ons glo dat daar net één Kerk kan wees, dit is waar die woordjie 'N ons by bring- Soos daar net één Christus is, so is die Kerk in Christus net één Kerk. Die Kerk wat aan Hom behoort.

Ons glo dat die Kerk heilig is, dit kan van die wêreld nie gesê word, dat die wêreld heilig is nie. Die ware Kerk is heilig, maar is hiermee saam 'n *algemene Kerk*, wat beteken dit word nog deur al die eeue uit alle volke vergader. Daar was nog geen stadium in die geskiedenis gewees wat God nie besig was om vir Hom 'n Kerk te vergader nie. Dan kom die kroon op

Pretoria- .....

wat God ons van Sy Kerk openbaar, dat die ware Kerk Christelik moet wees. Hier kan ons dit nie beter stel soos wat die Kategismus in V/A 54 dit stel- juis eerste die vraag- **Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike Kerk?** *Antwoord: Dat die Seun van God (a) uit die hele menslike geslag (b) vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is (c), deur sy Gees en Woord (d) in die eenheid van die ware geloof (e) van die begin van die wêreld af tot die einde toe (f) vergader, beskerm en onderhou (g) en dat ek daarvan 'n lewende lid is (h) en ewig sal bly (i).*

\*\*\*

Uit hierdie antwoord moet vir vasstaan dat ons praat nie van mense se Kerk nie, maar dit is Christus se Kerk. Hy vergader, Hy beskerm, Hy onderhou, maar hoe belangrik dat Hy nou nog hiermee besig is. Op hierdie oomblik is Christus met Sy werk besig. Die Kategismus stel Christus se werk in teenswoordige tyd. Die werk waarmee Christus nog altyd mee besig was, dit waarmee Hy op hierdie oomblik mee besig is, hierdie vergader wêrk sal Christus op hierdie aarde, só lank as wat die aarde nog mag bestaan mee aanhou... Christus sal met sy werk nooit ophou nie. Tot op die dag van die wederkoms dan sal Christus nog hiermee besig wees. Christus doen Sy werk deur Sy Heilige Gees en deur Sy Woord.

In die één Kerk, wat net in Christus een kan wees, word die eenheid van die ware geloof aan sy kinders uitgedeel. Die ware geloof wat glo dat God deur sy Woord met sy Kerk op pad is. Daar waar God se kinders Sy Woord erken en bely en handhaaf, waar die Bybel vir ons die onfeilbare Woord van God is, dit bring ons bymekaar, die Woord gaan die Kerk vooraf. Die Woord maak dat die Kerk wáre Kerk kan wees. So word ons deur die Woord en Gees vergader, beskerm en onderhou. Hierdie vergadering is gewoon dit wat ons Kerk van die Here noem. Dit is God wat aan die werk is.

\*\*\*

**God se ewige liefde vir die uitverkorenes...**dit is hoe die Dordtse Leerreëls begin. God in sy ewige liefde het Hom op 'n besondere wyse reeds só aan ons geopenbaar dat ons met sekerheid nie net oor die werk van Christus kan handel nie, maar die bloed van Christus het alles te make met die Kerk en die Kerk het met die raadsbesluit van God te make. As daar nie só iets soos die raadsbesluit, soos die uitverkiesing was nie, dan sou daar nie 'n Kerk op aarde kon wees nie. Die duiwel sou weliswaar daarin kon slaag om die Kerk te vernietig sou dit wees dat God se besluite nie vas en seker was nie.

Pretoria- .....

Ja, die duiwel is nog altyd besig om die uitverkorenes aan te val. Met sy liste en planne sal die duiwel nie ophou om die gelowiges in die grootste vertwyfeling te bring dat die gelowige wonder of het God nie my as sy kind gelos nie. Die Here het my maar aan my eie lot oorgelaat. Dit is hóé die duiwel die mens altyd al hoe vêrder van die Here wil wegstoot dat selfs die dinge wat vir jou vas en seker moet wees dan losser moet raak. Hoe losser mens raak hoe groter die gevaar dat mens as verbondskind jouself nie maar as geborge in die Here sien nie. Die duiwel keer hom juis met al sy kragte teen die uitvoering van God se raadsbesluit. Hy wil keer dat die Kerk groei, hy doen alles om die ware Kerk te vernietig. Nogtans breek al sy aanvalle stukkend voor God se heerlike besluit. Die satan kan nie verhinder **dat daar altyd 'n Kerk van gelowiges sal wees, gegrond in die bloed van Christus nie.**

Dit neem nie weg dat die Kerk nou nog op die oomblik baie teëstand in die wêreld ervaar nie. Tye wat dit mag lyk dat die Kerk is so op die afdraande pad dat dit eintlik nie meer kan bestaan nie. So was dit mos selfs in Bybelse tye gewees, in die tyd van Elia, toe die getal van die Kerk so belaglik gelyk het dat Elia eerder wou sterwe. Hy het daar onder die bos ingekruip, gewens hy kan sterwe want dit voel vir hom hy is alleen, dit wat hy glo help nie, die Kerk wat hy wil wees, kan hy nie wees nie.

\*\*\*

Art 27 van die NGB wys spesifiek hierop wat ons aan moet vasgryp dié tye wat dit vir jou mag lyk dat die ware Kerk is tot niet- Ons belydenis stel dit as volg- **En hierdie heilige Kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het - soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab sewe duisend mense bewaar het wat nie voor Baäl gekniel het nie. Verder is hierdie heilige Kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar is die oor die hele wêreld versprei en verstrooi...**

Elia het in sy *Kerkesef*, ja sy *Kerkebegrip* het hy nie gereken met God nie, daarom het hy van die 7000 nie geweet nie. Hy het nie duidelik genoeg verreken wat ons belydenis ons vandag laat bely nie. God se raadsbesluit word **kragdadig deurgevoer**. Hiermee saam, God se raadsbesluit soos reeds in paragraaf 8 uiteengesit dat niemand hom/haar teen die genade van God kan verset nie, maak dat daar van **die begin van die wêreld af tot vandag toe ondanks**

Pretoria- .....

**die vergeefse verset van die magte van die doderyk** geen keer aan die werk van God sal wees nie. Ons belydenis stel dit sonder twyfel dat God sal sy raadsbesluit **kragdadig deurvoer**, só kragdadig sal dit deurgevoer word **dat die uitverkorenes op die regte tyd in een liggaam vergader sal word...**

Onthou die begin van paragraaf 9 dat dit alleen moontlik is en te danke is aan God se **ewige liefde vir die uitverkorenes...** Soos ons die vorige keer dit gestel het- dat die uitverkorene kan hom/haar hard teen die Here wil verset, maar daar is geen uitverkorene wat nie sal moet toegee en ingee as dit gaan om die genade wat God aan sy kinders verleen nie. Daarteen is die hardste sondaar weerloos, weerloos is die mens téén die genade van God as hy/sy 'n uitverkorene is! Jesaja 46:9-11 maak die Here dit baie duidelik- *Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen dit...* God se raad kan niemand keer nie (só het ons dit gesing- **DIE HEER SE RAAD WORD NOOIT GEKEER NIE/ DIT SAL BESTAAN IN EWIGHEID// TEEN SY BESLUIT IS GEEN VERWEER NIE//BESTENDIG DUUR DIT VIR ALTYD...**) Ons kan dit saamlees met Job 23:13- Daar sê die Here- *En wat sy siel begeer, dit doen Hy...* Ook Psalm 115:3- *Hy doen alles wat Hom behaag...* Om dan nie Efesiërs 1:11 te vergeet nie- *Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil*

\*\*\*

Wanneer die Dordtse Leerreëls die kolletjie op die i sit, dan gaan dit om die liggaam van Christus. Die één liggaam waarin die uitverkorenes vergader is en vergader word en nog altyd sal God sy kinders tot die één liggaam bring. Hierdie één liggaam het 'n naam- hierdie liggaam is die Kerk van die Here. 'n Liggaam sonder bloed is nie waarlik 'n lewende liggaam nie. Die ware Kerk is gegrond in die bloed van Christus, ja die ware Kerk is getroud met haar Saligmaker. Die Kerk is die bruid van Hom wat die Bruidegom is. 'n Lewende liggaam het bloed ontvang, 'n ware bruid het liefde ontvang.

Die bloed van die Kerk, **gegrond in die bloed van Christus wat sy lewe aan die kruis vir haar gegee het**, ja, die liefde van die ware Kerk vra ons bloed, vra ons liefde. Die liefde wat liefde moet wek. Ons belydenis stel dat ons ons Verlosser **standvastig sal liefhê, Hom met volharding sal dien, Hom van nou af tot in ewigheid sal verheerlik...** Só iemand mag nie

Pretoria- .....

louwarm wees nie. Jy sien immers Christus die volkome Verlosser wat so ongelooflik baie vir ons verdien het. Hy het daarvoor tot in die hel so intens gely. Hoe lief raak jy dan vir Christus?!

Jy wil en kan Hom nie meer in jou lewe mis nie. Lewe sonder God word vir jou dan verskriklik. Hoe erg is dit dan vir jou as 'n sonde tussen jou en die HERE staan. Jy kan die onbelede sonde nie onbely laat nie. Jy soek God se vriendelike aangesig. Jy vlug steeds weer na Christus. Jy wil vir Christus leef jou hele lewe, jy wil in die geloof volhard. Jou hart jubel en is vol dank as jy daaraan dink dat jy in God se liefde mag deel.

Soek nie by jou eie keuses en toewyding die vaste anker nie, maar lê jou hele lewe steeds weer in God se hande. Dan is jy deel van Christus se Kerk wat ewig bly bestaan. Deel van die volk wat eendag sonder enige traan, hartseer, siekte en dood op die nuwe aarde sal leef. Ook dit alles besit God se uitverkore kinders alreeds in Christus. Alles in Hom, niks in myself.

Die standvastige liefde van God het sy Raad in die verlede vervul en in die toekoms sal dit nie anders wees nie. Ja, laat ons as kerk Christus verheerlik wat ons laat uitroep die woorde in Romeine 8:33-39- *Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie sal ons skei van die liefde van Christus verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.*

Met hierdie sekerheid kan ons hfst. 2 van die Dordtse Leerreëls afsluit.

AMEN

